# LAKOBOKNUUS

VERANTWOORDELIKHEID * OMGEE * EERLIKHEID * RESPEK * UITNEMENDHEID

## UIT DIE KANTOOR

"Believe in your infinite potential. Your only limitations are those you set upon yourself." Roy T. Bennett

Almal van ons wat die voorreg het om elke dag met kinders te werk, word daagliks getref met hoeveel potensiaal ons mee tyd spandeer.
Dit vul my met soveel energie, positiwiteit en entoesiasme vir wat kan gebeur met elkeen van ons kinders, wat hulle als kan ervaar en wat hulle eendag kan word. Dit kan nie anders as om ons te laat glo dat die wêreld regtig 'n beter plek kan wees nie.
Ons as ouers en onderwysers moet kinders laat glo in hulle potensiaal en nie toelaat dat eksterne faktore hulle in hulself laat twyfel nie. Dit gebeur so maklik dat iets wat iemand doen of sê ons laat twyfel in onsself, veral wanneer ons nog jonk is.
Dit steel mens se entoesiasme en soos ek al gelees het, het iemand gesê dat entoesiasme die elektrisiteit van die lewe is.
Kom ons hou ons kinders se koppe op. Laat ons hulle help om aan te hou glo in hulleself en dat die drome wat hulle vir hulself droom moontlik is en dat niemand die reg het om jou in jouself te laat twyfel nie.
Ek is opgewonde oor hierdie kwartaal en al die ongelooflike geleenthede wat ons kinders het tot groei en ontwikkeling. Dankie aan almal wat help om dit moontlik te maak.
My beste wense vir elke gesin in ons skoolfamilie!

*Pieter de Bruyn*



## WAARDES

### UITNEMENDHEID

Ons fokus steeds op die waarde van UITNEMENDHEID!
Bokkies moet hierdie kwartaal aanhou hard werk om "NET HUL BESTE" te gee!
Onderwysers is steeds op die uitkyk na leerders wat hul beste gee, veral wanneer jy dink ander dit nie raaksien nie!

#onsSOEKnetDIEbeste





# TENNIS

Anmari Steenkamp het die afgelope vakansie aan die Kaapstad o. 14 TSA tennistoernooi deelgeneem en 9de geëindig. Sy het ook vir Wes-Kaap Kavaliers in 'n dubbelstoernooi gespeel teen WP. Jy maak ons trots, Anmari!

Vir almal wat nog 'n kans wil staan om in die Kaapse Wynland tennisspan te kom, die laaste proewe is op Saterdag, 30 Augsustus 2025.

# ONDERSTEUN DIE GRAAD 7-KLAS

Die graad 7 - afskeid is om die draai en ons sien baie uit!
Ondersteun asseblief ons fondsinsameling deur swartsakke te koop. Plaas jou bestelling by enige Graad 7 - leerder. Elke aankoop help ons baie!
Baie dankie vir julle ondersteuning!




# INLIGTINGSDAG




## KUNSTEKAAP UITSTAPPIE

### 5 Augustus 2025

### NEEM KENNIS!

Alle busse op die verskillende roetes sal vroeër vertrek op Dinsdag sodat ons betyds kan wees vir die opvoering.
Die verskillende roetes se tye sal met julle gekommunikeer word.
Busse vertrek 07:00 vanaf die skool na die Kunstekaap.
Onthou om lekker padkos in te pak.



# EISTEDDFOD




Op die 29ste Julie het 23 leerders aan die Paarl Vallei Virtuele Eisteddfod deelgeneem. Ons is trots op elkeen van hulle!

Uitslae sal in September gedeel word.

# BUITELUGSKOOL

MELKBOSSTRAND

Ons gaan hierdie jaar na `n nuwe buitelugskool. Ons is baie opgewonde oor hierdie geleentheid.

- PLEK: MELKBOSSTRAND
- KOSTE: R960 PER LEERDER
- DATUM: 12-14 NOVEMBER
- WIE: GRAAD 5 TOT 7

Die Graad 4's gaan ongelukkig nie saam nie. Hulle het skool soos normaalweg. Meer inligting oor die buitelugskool sal nader aan die tyd gegee word.

# SPORTDATUMS

Sportdatums vir Kwartaal 3.
Ouers maak asb. seker dat u nie iets reël wat saam `n sportdag val nie.
Elke leerder in die verskeie sportspanne is belangrik.
2 Augustus - Laerskool Pomario sportdag.(weg)
9 Augustus - Stilbaaitoer
16 Augustus - Laerskool Wynland (Tuis)
28 & 29 Augustus - FCF (weg)
4 September - FD Conradie (Tuis)
Ligawedstryde word gedurende die week gespeel.

# FOTODAG 2

20 Augustus (Woensdag)

Sport en kultuur-foto's word geneem.

-Meer inligting volg-

# SPORTNUUS




Baie geluk aan die 6 seuns wat deurdring na die volgende rondte o.12 rugbyproewe.
Dit vind Dinsdag 5 Augustus by Laerskool Wolseley plaas.
Ons hou duimvas vir julle.




Ons harte bars van trots om te sê hierdie 3 leerders het Laerskool Koue Bokkeveld se naam op verskeie sportgeleenthede die vakansie om hoog gehou.
Junishia Muller, wat deel was van die Kaapse Wynland o.12-netbalspan, se span het 'n 3de plek behaal.
Stephan du Toit, wat deel was van die o.13-Cravenweek rugbyspan, se span het 'n 2de plek behaal.
Anmari Steenkamp het op posisie nr 2 vir die Weskaap Kavaliers teen die WP gespeel.
Ons is baie trots op hierdie leerders en die voorbeeld wat hul vir ons jonger leerders stel!

# STILBAAI TOER

## 8 - 9 Augustus 2025

Juf. Lize sal Maandag die sportprogram uitstuur.
Indien daar enige navrae is kan julle haar kontak. Die leerders wat met eie vervoer gaan, hoef nie Vrydagoggend by die skool te wees nie. Ons sien julle almal Saterdag by Bertie Bernard, bring hope energie saam!

# GRONDSLAGFASE

Die Gondslagfase het verlede week heerlik gaan sing in die NG kerk. Zina Theart se ouma, mev. Mariëtte Voges, het by hulle gekuier. Sy is 'n afgetrede onderwyseres en kan die klawers behoorlik kielie. Sy het die leerders op die klavier begelei en hulle het heerlik saamgesing, van bybelliedjies tot volksliedjies!
Dit was nou 'n groot lekkerte!



# BOK VRYDAG

ONDERSTEUN ONS GRAAD 7-LEERDERS EN KOM GENIET BOKVRYDAG SAAM MET ONS!
TREK JOU SPRINGBOKTRUI AAN, WYS JOU TROTS, EN WEES DEEL VAN DIE PRET!




# PROEFSTUDENTE

Ons sê baie welkom aan Anine Malgas, Hein-Will Jurries (oudleerder) en Ronaldi Kupido wat by ons gaan proef vir 'n tydperk van vier weke. Mag julle sommer baie kennis opdoen en die tydjie by ons geniet!




# DRUK HIER OM KAARTJIES TE KOOP

https://qkt.io/TmzSVF

